Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling **www.elsenburg.com**

1 Julie 2011[1]

Carine van Zyl
Tel. (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 1 Julie 2011 vir koring lewering in Jul was R2895 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (01/07/2011) R/mt					Week eindig R/mt (24/06/2011)	Vergelykende verhandelings -dag R/mt (02/07/2010)	% Ver-andering
Kommoditeit	Jul-11	Aug-11	Sep-11	Des-11	Mar-12	Jul-11	Jul-10	Jul-10 tot Jul-11
Koring	2895	-	2795	2689	2860	2888	2315	25%
Geelmielies	1659	1776	1720	1768	1790	1745	1142	45%
Witmielies	1672	1798	1735	1787	1813	1734	1093	53%
Sonneblom	4001	4056	4095	4210	-	4035	3330	20%
Sojabone	3169	3199	3220	3282	3398	3220	2558	24%

Bron: SAFEX, 2011



Die Nasionale Oesskattings-komitee (NOK) se Junie verwagting het die vorige week die mielie-oes tot 10.998 miljoen ton verhoog. Die vorige oes-skatting, in Mei was 10.993 miljoen ton. Die grafieke toon die huidige mielieproduksie per provinsie teenoor die vorige jaar (NOK, 2011). Witmielieproduksie het in die 3 hoof streke, sowel as die res van die land gedaal; geelmielieproduksie het slegs in

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

Mpumalanga 'n styging getoon. *Reuters* se meningsopname onder 7 graanverhandelaars het egter aangedui dat hul die oesverwagting op 10.87 miljoen ton geskat het hoofsaaklik a.g.v die swakker, wisselvallige opbrengs a.g.v die reën wat ook die graankwaliteit benadeel.

Die prys van koring het in die middel van die week tot R2955 per ton verhoog, maar het weer teruggesak tot vlakke nie veel hoër as die vorige week nie. Die prys van koring is gemiddeld 25% bo die prys van die vorige jaar. Die geel- en witmielieprys het onderskeidelik die week met R86 per ton en R62 per ton gedaal na aanleiding van die VSA se voorraad nuus. Die jaar se prys vir geelmielies is 45% hoër en die witmielieprys is 53% hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2010.

2. EKONOMIE & ENERGIE

World Grain berig dat die G20 tot 'n vergelyk gekom het dat verhoogde landbouproduksie die voedselprys volitaliteit kan beperk. Volgens die groep se aksieplan sal verbeterde praktyke, tegnologie, markdeursigtigheid (d.m.v 'n *International Agricultural Market Information System*) en beter beleidskoördinering ook tot verhoogde produksie en sodoende beter voedselsekuriteit kan lei.

Die geleidelike verswakking van die Euro (alhoewel die geldeenheid die week 'n 3-weke hoogtepunt bereik het) en die VS-Dollar se versterking is 'n duidelike teken dat beleggers nie 'tevrede' is met die Griekse situasie nie (*Agrimoney*, 2011). Internasionale aandelemarkte het verbetering begin toon met die ooreenkoms wat tussen Griekeland en internasionale kredietverskaffers gesluit is; Griekeland ontvang 'n verdere pakket van E12 biljoen in ruil vir strenger beperkinge op die begrotings-maatreëls t.o.v spandering en finansiële beplanning (*Reuters*, 2011).



Bron: Reserwe Bank, 2011

Die Sentrale Energie Fonds het bevestig dat die petrolprys op 6 Julie 2011 met 32 sent per liter sal daal, en die dieselprys met 11 sent per liter. Die geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 1 Julie 2011 waarteen die Rand teenoor die VSA-Dollar verhandel het, was R6.76 (Reserwe Bank, 2011).

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Die voorraad-tot-verbruiksverhouding vir die 2011-12 koring bemarkingsseisoen is 22.4% (China en Indië uitgesluit). Diè verhouding was in Augustus 2010 op 20.1%; Chicago koring verhandel tans onder 2010 se vlakke, gegewe die verbeterde klimaatsvooruitsigte vir Europa en Rusland asook die groeiende makro-ekonomiese onrus wat die vraag na graan kan beperk (*Agrimoney*, 2011). Die globale prys van koring het die afgelope maand met 20% gedaal, hoofsaaklik a.g.v die oes resultate in die VSA, internasionale klimaatstoestande en Rusland se her-toetreede tot die uitvoermark (*World Grain*, 2011). Die internasionale aanbod vir die growwe (*coarse)* grane is veel laer as die vorige somer, die USDA toon die voorraad-tot-verbruiksverhouding op 9.7% (China uitgesluit). Selfs met China ingesluit is die verhouding 11.7%; die voorraad situasie verduidelik die hoër prys die seisoen, Chicago mielies verhandel gemiddeld twee-derdes hoër

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

(*Agrimoney*, 2011). Met die verbeterde vooruitskouing van die VSA situasie sal die syfers binnekort aangepas word.

Die *International Grains Council* (IGC) het hul internasionale koring- en mielie-produksievooruitsigte ook vir 2011/12 verhoog. Volgens hul skatting sal die internasionale mielieproduksie tot 'n rekord vlak, 858 miljoen ton verhoog (die vorige seisoen was 825 miljoen ton) en koringproduksie sal tot 666 miljoen ton styg vanaf 650 miljoen ton die vorige seisoen (*Reuters*, 2011).

3.1. VSA

'n Hoë druk stelsel veroorsaak tans warm en droë weer in die suidelike mieliegordel wat voordelig is vir plantontwikkelling, maar nog nat en koue weer is vir die noordelike dele van die VSA en Kanada voorspel wat gewasontwikkelling strem. Mielieproduksie in die VSA benodig egter ondersteuning om aan die uitvoervraag te voldoen, maar die afgelope week se bekendmaking deur die USDA het vir 'n verrassing gesorg; 'n hoër as verwagte voorraad en aanplanting syfer is bekend gemaak. Die voorraad-tot-verbruiksverhouding moet nader aan 10% wees aan die einde van die seisoen, maar is tans in die orde van 5%. Die prys het dadelik negatief op die nuus reageer, maar volgens *Goldman Sachs* sal die prys vir koring- en mielie met 26% daal a.g.v die voorraadbevestiging (*Bloomberg*, 2011). *[Neem kennis: Die volgende USDA vraag en aanbod verslag is 12 Julie beskikbaar]*



In teorie moet die mieliemark koring ondersteun, gegewe dat die twee grane as substitute gebruik kan word. Die huidige koringoes onderdruk die prys en "*Consumers are in absolutely no hurry to make any purchases. Why should they when harvest is about to start?*" volgens verhandelaars, veral noudat die Swart See lande die maand terugkeer tot die uitvoermark. Sommige analiste bied die volgende as verklaring vir mielies se swak ondersteuning aan koring; die koringprys is in werklikheid te laag, dus is die mielieprys nie in staat om ondersteuning aan die koringprys te bied nie. Die teorie dat koring en mielie vervangbaar is, maar dat dit in werklikheid nie die geval is nie, kan ook 'n moontlike rede wees vir die swak ondersteuning (*Agrimoney*, 2011).

3.2. RUSLAND

In Rusland het die plaaslike koringprys die week, voor die opheffing van die uitvoerverbod gestyg terwyl uitvoerpryse gedaal het. Die *Institute for Agricultural Market Studies* (IKAR) het bekend gemaak dat 11.5% proteïen koring, FOB Swart See die week teen ongeveer $280 per ton verhandel het teenoor die vorige week se prys van $300 per ton.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

3.3. ARGENTINIë

Reg oor die Amerikas was daar al aanplantings oponthoud die seisoen, die keer het swaar reën koringaanplanting in Argentintië onderbreek, gevolglik kan dit tot 'n daling in die koringproduksiearea lei volgens die *Buenos Aires Grains Exchange*. Die Beurs verwag aanplantings op 4.95 miljoen hektaar (2011-12), teenoor die regering wat aanplantings op 4.7 miljoen skat (*Reuters*, 2011).

3.4. CHINA

Die droogte vroeër vanjaar en die aanhoudende vloede in die suidelike deel van China het ook landbouproduksie benadeel; die Shandong provinsie se koringproduksie word reeds in 2011 30% laer verwag a.g.v die slegte weer. China het alreeds 120 000 ton nuwe oes sojabone vanuit die VSA aangekoop, maar die VSA is steeds in verwagting dat China binnekort groot hoeveelhede mielies sal moet aankoop (*Agrimoney*, 2011). Verhandelaars het die week die USDA se aankondiging van 'n 1.1 miljoen ton mielie verkopestransaksie na 'n onbekende bestemming vir China toegeeien; die gerugte is egter nog nie bevestig nie.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**